

ZXSWB – Aandeleterugkoop

Senwesbel Beperk - ZXSWB

ISIN Nommer: ZAEZ00000026

AAANDELETERUGKOOOPPROGRAM

SENWESBEL BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid Africa)

Registrasienuommer: 1996/017629/06

(“**Senwesbel**” of “**die Maatskappy**”)

In aansluiting by die aankondiging op 7 Maart 2018 deur die raad van direkteure van Senwesbel ("**Raad**") met betrekking tot die terugkoopprogram deur die maatskappy van Senwesbel aandele ("**Senwesbel aandele**") wat op ZAR X genoteer is via Senwes Capital Eiendoms Beperk ("**Senwes Capital**"), het die raad besluit om die program te wysig deurdat die maatskappy direk Senwesbel aandele sal terugkoop, en nie Senwes Capital nie.

Aandelehouers se aandag word verder gevestig op die belastingimplikasies van die terugkoopprogram, soos gewysig, naamlik dat aandelehouers wat nie vrygestel is nie en wat hul aandele aan die maatskappy verkoop in terme van die terugkoopprogram, onderhewig is aan dividendweerhoudingsbelasting en die netto koopsom na aftrekking van die dividendweerhoudingsbelasting sal ontvang. Aangesien dividendbelasting van toepassing is, is kapitaalwinstbelasting nie van toepassing op aandele wat in terme van die terugkoopprogram deur die maatskappy gekoop word nie. Aandelehouers word aangeraai om hul professionele belastingadviseurs te raadpleeg rakende die belastingimplikasies voordat hulle hul aandele op die mark aanbied.

In opdrag van die raad van direkteure.

AE Scholtz

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Sel nr. 076 212 1776

Klerksdorp

14 Maart 2018